

Notule van 'n vergadering van die Ukvan die Konvent vir Eenheid op 30 Julie 2004 om 10:00 op Stellenbosch

1. Opening

Die Voorsitter, Hannes Koornhof, lei die vergadering rondom Skriflesing uit 1 Joh 1: 5-2:17 en gebed.

2. Teenwoordigheid

Die volgende persone is teenwoordig: Pieter Grove, Eddie Ngeva, Dirk Heyneman, Mary-Anne Plaatjies, Alfred Dyasi, Averell Rust, Lukas Plaatjie, Temba Nyatyowa, Hannes Koornhof, Monty Sahn, Braam Hanekom, Willie van der Merwe, Hannes Theron, Hansie Schutte, Chris van Wyk, Schalk du Toit, Danie Mouton, Frederick Marais.

3. Vasstelling van sakelys

Die vergadering besluit om by die vasgestelde agenda te bly.

4. Notule van die Konvent van 22 en 23 Junie 2004-07-30

Die Notule word voorgehou en as 'n korrekte weergawe goedgekeur.

5. Sake uit die notule

5.1 Eietydse kommentaar op Belydenis van Belhar

Hierdie saak is verwys na die Taakgroep wat dit moet finaliseer en aan die UK terugrapporteer. Piet Naudé sal versoek word om die kommentaar te finaliseer en aan die onderskeie moderature deur te gee. Daarna sal die moderature elektronies met mekaar oor hierdie saak skakel.

5.2 Belydenis van Belhar

Dit is verwys na die Moderamens/Sinodale Kommissies van die onderskeie kerke. Die Sinodale Kommissie van die NG Kerk van Oos-Kaapland het nie die voorstel van die Konvent soos dit tydens die Konvent geformuleer is, aanvaar nie. Die Moderamen van die NG Kerk in SA het die besluit aanvaar soos wat dit tydens die Konvent aanvaar is. Laasgenoemde sal die voorstel as beskrywingspunt aan die Algemene Sinode van die NG Kerk voorlê. Die vergadering bespreek die implikasies van die Oos-Kaap se besluit.

5.3 Model vir kerkeenheid

Hierdie saak is verwys na die Moderamens/Sinodale Kommissies van die onderskeie kerke. Beide Oos- en Wes-Kaap het die besluit aanvaar en sal dit deurstuur na die Algemene Sinode.

5.4 Strategiese proses vir kerkeenheid

Word behandel onder punt 7.

5.5 Vergaderings en gesprekke dwarsdeur die streek

Word onder punt 7 behandel.

5.6 Toestemming aan Streeksinodes vir groter eenheid

Hierdie saak is verwys na die UK van die Konvent, die Streeksinodes en Moderamens/Sinodale Kommissies om na die onderskeie Algemene Sinodes te neem. Albei besluite sal by die Algemene Sinode dien en die VG Kerk sal dit na hulle SK toe neem. Die stuk wat Hannes Theron en Koosie Delpont rondom 'n strategie vir eenwording voorberei het, dien voor die vergadering. Die Konvent het besluit op Model D volgens hulle moontlike modelle nl een nuwe kerk/organisasie met dubbele lidmaatskap. Die volgende

persone word gevra om die riglyne vir so 'n situasie vir die UK daar te stel: Hannes Theron en Pieter Grove sal 'n groter groep saamstel om daarvoor te dink.

5.7 Beroep op leierskap

Die onderstaande beroep op leierskap wat tydens die Konvent vir Eenheid gemaak is, moet namens die Konvent na alle ASK's gestuur word. Monty Sahd word gevra om hierdie besluit deur te stuur.

Die Konvent neem kennis daarvan dat die kerkeenheid, veral op nasionale vlak, gestrem word deur die onvermoë van die verskillende kerke in die familie van NG Kerke om mekaar te vind.

Die Konvent doen 'n oproep op die leierskap van die VGK, NGK, RCA en NG Kerk in Afrika om nie in die eerste plek aan hul eie belange te dink nie, maar aan die van ander. Daarom versoek die Konvent die leierskap om alles in hul vermoë te doen om mekaar tegemoet te kom en te akkommodeer sodat ons gesamentlik tot eenheid kan kom.

6. Terugskou op Konvent: wat het ons geleer?

Daar moet besin word oor die eenheidsproses, die samewerking as UK en die eie funksionering van die onderskeie kerke en moderature. Besluite wat gesamentlik geneem word het wyer trefkrag. Die noodsaaklikheid van 'n gesprek tussen die leierskap oor die verlede en die implikasies van geregtigheid en versoening word beklemtoon. Hieruit sou 'n getuienis kon voortvloei wat gemeentes op plaaslike vlak help. Die taakspan sou dit kon reël.

7. Taakgroep vir Strategie

Die moderature en leiers moet die beleid hanteer, terwyl die taakspan operasioneel moet funksioneer. Daar moet ander wees wat na die fisiese aspekte moet kyk bv finansies.

Die doel van die taakspan is die volgende:

- Daar moet 'n gesprek plaasvind oor die verlede sodat daar heling kan plaasvind. Die moontlikheid van gesamentlike vergaderings van die uitgebreide moderature moet ook bespreek word. Verder moet daar oor die implikasies van geregtigheid en versoening gedink word.
- Neem die gesprek tot op gemeentevlak.
- Peil die eenheidsklimaat in die onderskeie kerke
- Skeppende voorstelle oor hoe 'n positiewe klimaat vir eenheid geskep kan word
- Rus fasiliteerders toe om die proses te hanteer.
- Hoe om konflik en meningsverskille op 'n positiewe manier te hanteer
- Fondse benodig: koop iemand se tyd daarvoor uit (strategiese bestuurder)
- Proses lewendig hou
- Proses van interaksie tussen UK en Taakspan
- Reël gesprek tussen moderature oor verlede, geregtigheid en heling.

Wat is die uitkomst?

- Kommunikeer uitkomst van Konvent in hele gebied (Kerkbode/Media)
- Vind fondse vir proses tov personeel en kommunikasie
- Klaar die kerkregtelike en gemeenregtelike lyne uit
- Fasiliteer plaaslike eenheidsproses

Wie gaan op die taakspan dien?

Die moderature van die NG Kerk moet elk twee persone nomineer en die VG Kerk drie persone. Die name moet teen 15 Augustus 2004 aan Monty Sahd gestuur word sodat Avril Rust en Braam Hanekom die persone bymekaar kan bring en hulle oriënteer rondom hulle taak.

8. Algemeen

Daar moet duidelikheid verkry word oor die amptelike besluit rondom die kettery klag rondom apartheid en die rol en status van die NG Kerk. Mary-Anne Plaatjies en Temba Nyatyowa word gevra om die besluit na te gaan.

9. Volgende vergadering:

Die volgende vergadering vind plaas in George op 29 November tot 1 Desember 2004. .

10. Afsluiting

Die vergadering sluit met groepsgebed.

Voorsitter: Hannes Koornhof:

Skriba: Monty Sahd:

Datum: